

Dinsdag 20 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 16

Fokusgedeelte: Openbaring 16:15-17

Die ewige Christusfees

God se oordele kom oor die hele wêreld. In Openbaring 16 word die intensiteit al hoe groter, nie meer 'n gedeelte van die wêreld wat getref word nie, maar God se oordeel kom oor die hele wêreld en alle goddelose mense. Die sewe bakke van God se oordele word een na die ander uitgegooi. Met die sesde bak droog die Eufraat op. Die Ooste en Weste staan saam teen God as die Eufraat opdroog (vs 12). Dit beteken dat al die antichristelike magte saam 'n eenheid gevorm het, 'n eenheid ongeag hulle nasionale verskille, 'n eenheid om teen God te veg. Die plek waar hulle byeenkom, is Armageddon. Hierdie plek hou verband met 'n berg by Meggido wat uit die Ou Testament bekend is as die plek waar God die vyande van sy volk oorwin het, onder andere met die geskiedenis van Debora en Barak toe hulle die Kanaäniet Jabin en sy leërowerste Sisera verslaan het. Hier kom God se vyande nou byeen.

Dan kom Christus onverwags (vs 15). Armageddon beteken totale vernietiging vir God se vyande en totale oorwinning vir God se volk. As die sewende engel nou die skaal uitgooi, dan weerklink die stem van God uit die hemel: "Dit is verby." Wat is verby? Verby die mens se opstand teen God, die verdrukking van die kerk is verby, die mens se lastering, God se lankmoedigheid en die tyd van bekering is verby. Ja, die eerste dinge is verby.

Maar vir die gelowige is dit vreugde. Dit is alles gebeure wat verby moes gaan, sodat die belofte van die nuwe hemel en aarde kon kom. Vir die gelowige in Jesus Christus wat met verlange uitsien na sy wederkoms is dit vreugde, want die ewige Christusfees het aangebreek.

Verby ja, die eerste dinge, maar nou het die ewige lewe volkome begin. Oor 'n paar dae vier ons Kersfees, maar ons kyk ook vorentoe na die aanbreek van die ewige Christusfees wat daar op die kinders van God wag.

Sing: Psalm 99-1:1, 2, 3

Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)